

**Saterdag 7 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 16:14-23**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 16:14**

**Moenie die Gees van die Here weerstaan nie!**

“Maar die Gees van die Here het van Saul gewyk, en ’n bose gees wat deur die Here gestuur is, het hom voortdurend ontstel” (1 Sam. 16:14). Dit is sekerlik van die mees tragiese woorde wat ons in die Bybel vind. Die Gees van die Here wyk van die eerste koning van Israel – die een wat deur die Here self tot koning verkies is (1 Sam. 9:16). Hoe moet ons dit verstaan?

Saul se koningskap het aanvanklik goed begin. Deur hom het die Here die Ammoniete verslaan (1 Sam. 11). Maar sy sukses was van korte duur. Saul se koningskap het begin wankel toe hy teen sy beterswete die offer gebring het wat Samuel moes bring (1 Sam. 13). In die veldslag teen die Amalekiete was Saul openlik ongehoorsaam aan wat die Here hom beveel het om te doen (1 Sam. 15).

Uit die beskrywing van Saul se koningskap in die boek 1 Samuel word dit duidelik dat Saul by herhaling ongehoorsaam was aan die Here, en nie die koning was wat hy moes wees nie. Saul het dwarsdeur sy koningskap die leiding van sy Gees verwerp, en nou verlaat die Gees hom (sien ook 1 Sam. 18:12; 28:15). Saul se optrede is baie soortgelyk aan dié van die farao in die boek Eksodus. Hy het hom telkens verhard teen die Here, en uiteindelik gee die Here hom oor aan sy verharding (Eks. 10:1). Saul het homself God se vyand gemaak.

Saul dien as ’n tragiese voorbeeld en waarskuwing van iemand wat die Gees bedroef en weerstaan het (Ef. 4:30). Dit is allermens waartoe ons geroep is. As gelowiges is ons opdrag om ons deur die Gees te laat vervul (Ef. 5:18), naamlik om onder sy leiding al hoe meer te verander na die beeld van Christus, tot eer van God.

*Sing: Psalm 51-1:5*

*Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)*